



**NOTULE VAN ALGEMENE JAARVERGADERING VAN APIESRIVIER LANDELIKE BBV WAT  
OP 16 NOVEMBER 2013 OM 14:00 GEHOU IS, TE LUDWIG ROSE, HAAKDORNLAAGTE.**

**1. OPENING EN VERWELKOMING**

Peet Dorfling open die vergadering deur skriflesing en gebed. Daarna heet hy almal teenwoordig welkom en versoek dat almal die presensielys voltooi.

**2. TEENWOORDIG**

Soos per presensielys.

**3. VERSKONINGS**

Nicky Grobler – Lusthof  
Chritso Ayres - Lusthof  
Jörg Schulz - Waterval  
Paddy de Vries – Vastfontein  
Theunie du Buisson – Lusthof  
Johan Lucas

**4. LIEF EN LEED**

Geboortes

- Jakes en Leonie Strydom (D34) het 'n seuntjie ryker geword.
- 'n Nuweling vir Eric en Janelda Gough (O72) is oppad.
- Leon en Marietjie Peense (L6SY) het ook weer ouma en oupa geword.
- George en Orene Esterhuysen (D25) het oupa en ouma geword.

Huwelike

- Cobus en Karen Kramer (A2 & A3) se seun is op 4 Mei getroud.
- Pieter de Beer (O35) en Ansia van Dyk (C2) is op 11 Mei getroud.

Siekgevalle

- Wikus en Martie Conradie se seun is gediagnoseer met kanker.
- Henk Koops (17) was ernstig siek gewees.
- Isak Schönborn (D8) het 'n oog operasie ondergaan en was in 'n ligte ongeluk gewees.
- Jannie de Jager (B3) was ongesteld
- Ruth de Jager is ernstig siek met kolon kanker.
- Jan-Piet Cooks (O2) het sy vinger beseer met 'n boor.
- Hannes Coetzee (O81) se broers-kind was in 'n baie ernstige motorongeluk.
- Annetjie van die Walt (D30) was ook in die hospitaal.
- Peet Dorfling (A1) het 'n oog operasie ondergaan.
- Edith Oosthuizen (D3) was ernstig siek gewees.
- Pieter Oosthuizen (O21) het 'n skouer operasie ondergaan.

- Daleen Beetge (O47) het 'n operasie ondergaan.
- Leon Peens (L6SY) is beseer nadat 'n bees hom in die gesig geskop het.
- Swannie en Elenor Swanepoel was ook albei ongesteld.

#### Sterftes

- Gert Bouwer (D5) – Grootvlei
- Rene Jansen – Grootvlei
- Buks Henrico – Braandweer Logistiek Richards – Vastfontein.

### 5. **GOEDKEURING VAN VORIGE NOTULE**

Die notule van 2 Maart 2013 word voorgehou aan die lede teenwoordig. Dit word as gelese beskou deur die lede teenwoordig. Cobus Kramer (A2) keur die notule goed en Willie Potgieter (D19) sekondeer die goedkeuring.

### 6. **VASSTELLING VAN AGENDA**

Die agenda word soos volg vasgestel:

- Opening en verwelkoming
- Presensielys
- Verskonings
- Lief en Leed
- Goedkeuring van vorige notule
- Vasstelling van die agenda
- Voorsittersverslag
- Finansies
  - Noodfonds
  - Aankoop van voertuig
  - Honorarium
- Logistiek (Toerusting)
- Kommunikasie
- Struktuur
- Lidmaatskap
- Brande
- Noodhulp
- Ander sake
  - Artikel 21 Maatskappy
  - WOF
  - GUFPA
- Korrespondensie
- Ontwikkelings
- Nuwe sake
- Vrae en afsluiting

## 7. SAKE VOORTSPRUITEND

### 7.1 Voorsittersverslag (Peet Dorfling)

- Naam van vereniging:

Apiesrivier Landelike Brand Beskermings Vereniging

- Datum van registrasie en registrasie no:

27 Maart 2006

Reg. No – 1743/01

- Grootte van gebied:

34 000 ha

- Grense:

Noord: Net voor Hammanskraal

Suid: Pyramid-Suid spoorlyn

Oos: N1 Snelweg

Wes: Mabopane Snelweg

Aansoek is gedoen om die grense te skuif.

- Nuwe grense:

Noord: Net voor Hammanskraal en Hammanskraal grondpad

Suid: N4 Snelweg & Rosslynpad

Oos: Wallmannsthal grondpad

Wes: Mabopane Snelweg

- Die bestuur bestaan tans uit die volgende lede:

Uitvoerende Komitee:	Voorsitter (Alpha 1):	Peet Dorfling
	Onder Voorsitter (Alpha 2):	Cobus Kramer
	Sekretaresse (Alpha 3):	Karen Kramer
	Tesourier (Alpha 4):	Joey Gerber
	Addisionele lid (Alpha 5):	Eugene J v Rensburg
	Brand Beskermings Offisier:	Japie Lengoabala

Bree Bestuur:	Brandhoof (Bravo 1):	Christo Ayres
	Noodhulphoof (Bravo 2):	Chris Breedt
	Logistiekehoof (Bravo 3):	Jan de Jager
	Kommunikasiehoof (Bravo 4):	Theunie du Buisson

Administrasie en Koordinering:	(Charlie 1):	Tarien Cooks
	(Charlie 2):	Ansia de Beer

- Tshwane Stadsraad se bydrae:

2 x 1000L waterkarretjies

4 x 500L waterkarretjies  
2 x Jerry kanne (20L) vir addisionele brandstof vir enjins  
Brandstof en onderhoud van toerusting

Goeie samewerking tussen die BBV en Tshwane Brandweer se Operasionele Afdeling. Reaksie van die brandweer is soms nie na wense nie, want hulle toerusting is self nie voldoende nie.

Tshwane het die voertuie terug geneem en afgeskryf. Die BBV het verskeie vergaderings met Tshwane gehad, sonder enige sukses. Al die BBV's wat in Tshwane val moet 'n begroting indien sodat daar op die GOP (Geïntegreerde ontwikkelingsplan) van die Stadsraad addisioneel begroot kan word vir die BBV's. Daar moet ook eers toestemming vanaf die MMC (Mun. Mayrol Committee) verkry word dat die voertuie aan die BBV's geskenk kan word. Die BBV het aangebied om die voertuie te koop, ook sonder sukses. Die BBV beplan om 'n regsmenting in te win.

- Hoogtepunte

Toerusting is deur die gebied versprei, op grond van digtheid van lede in die area. Gereedheid, bewustheid en samewerking van lede rondom veldbrande is goed. Koördinering en brandbestryding is goed, asook goeie kommunikasie met Tshwane Brandweerdienst. Brandpermitte is met sukses uitgereik en daar is meer beheer oor brande. Die Brand gevaar indeks word ook gereeld aan lede sowel as nie-lede deurgegee.

- Uitdagings

Publiek is traag om brand-gereed te wees (bv voorbrande en brandpermitte). Alle brande word ook nie deur die publiek aangemeld nie. Publiek en lede verwag van die Bestuur om om brande te blus. Publieke inligting rondom veldbrande gaan stadig, en grootter bewusmakingveltog rondom veldbrande moet gedoen word. Dit is ook moeilik om reserviste te registreer by Tshwane. Lede wat brande blus kry nie vergoeding nie. Geen wetstoepassing word deur Metro Polisie, SAPD en Brandweer gedoen nie.

Tshwane het nie genoeg voertuie om die gebied te bedien nie, daar word lank gewag vir reaksie. Daar is ook 'n lang wagtydperk vanaf Tshwane vir die diens van die toerusting.

Geen ongevalle-en regsdekking vir lede.

- Brande van 1 April 2012 – 31 Maart 2013

Veldbrande: 1 April 2012 – 31 Maart 2013 = 554  
1 April 2013 – 16 November 2013 = 249

Ander brande: 2012 - Huisbrand Akasialaan 101 Bultfontein  
2013 - Lapa Grootvlei (Brandstigting)  
2013 - Lapa Horingnestkrans

## 7.2 Finansies (Joey Gerber)

- Finansiëlestate 1 April 2012 – 31 Maart 2013

Inkomste: R136 321-77  
Uitgawes: R123 700-21

- Aantale lede

294

- Ledegeld

0 – 50ha = R270-00 per jaar  
50ha > = R22-50 / ha / jaar  
Eenmalige admin fooi = R50-00

- Nuwe Sake

### Noodfonds

Daar was 'n voorstel op die tafel dat daar 'n noodfonds gestig moet word, maar geen amptelike besluit is geneem nie. Pieter de Beer (O35) voel dat daar wel 'n noodfonds moet wees, Ansia de Beer (C2) sê dat dit slegs vir lede moet wees. Cobus Kramer (A2) sê dat indien jy uitgaan na 'n brand toe, moet jy weet jy doe dit op jou eie resiko. Jan-Piet Cooks stel voor dat die BBV voorsienig moet maar vir 'n noodfonds as dinge skeefloop, en dat elke saak op meriete beoordeel word. Henk Koops noem dat die BBV dalk ongevalle-versekring moet uitneem.

Daar word ten gunste van 'n noodfonds gestem. R10 000 / jaar moet in die fonds betaal word.

### Aankoop van 'n voertuig

Die BBV poog om 'n eie voertuig aan te koop. Met die Ark-dae word gepoog om ekstra geld te maak om dit dalk gouer moontlik te maak. Daar kan wel op 'n vergadering besluit word dat van die noodfonds gebruik kan word om 'n voertuig aan te koop.

### Honorarium

Vraag na vergoeding vir persone wat permanent na brande toe gaan. Jan-Piet Cooks noem dat dit in beginsel goed is maar hoe gaan dit befonds word. Nie-lede moet 'n rekening kry en daardie geld word dan gedeel tussen die persone wat brande blus. Geen besluit is geneem nie.

## 7.3 Logistiek / Toerusting (Jan de Jager)

- Rapporteer van gebreke

Lede wat die toerusting van die BBV gebruik moet Jan de Jager laat weet indien daar enige skade of gebreke aan die toerusting is sodat dit geboekstaaf kan word en die toerusting herstel kan word.

- Logistiek

Lede wat toerusting van die BBV gebruik, moet met Jan de Jager en Tarien Cooks skakel om reëlings te tref. Slegs lede van die BBV het toegang tot die gebruik van toerusting. Die toerusting word strategies geplaas, afhangende van die hoeveelheid lede in 'n area. Brandkarretjies **MAG NIE** sonder die wete van die Bestuur geskuif word nie.

#### 7.4 Kommunikasie

- ICASA

BBV het 4 privaat frekwensies

Icasa doen inspeksie na die radio-gebruik. Net belangrike sake moet bespreek en genoem word. Berigte wat uitgesaai word, moet waar en juis wees. Geen sosiale geselsie moet plaas vind nie, ons stel die BBV se lisensie in gevaar.

- Roepseine

Totaal van 147 roepseine.

Oos-Wyk = 84

Wes-Wyk = 63

Theuns Du Buisson en Tarien Cooks moet gekontak word wanneer 'n lid 'n roepsein benodig.

Alpha Stasies	-	Bestuur
Bravo Stasies	-	Breë Bestuur
Charlie Stasies	-	Admin & Koördinering
Oscar Stasies	-	Lede
Delta Stasies	-	Lede

Nie alle lede is radio-aktief nie, en die Bestuur versoek dat meer lede betrokke raak met die radio-toetse. Daar is ook nog Endvet antennes beskikbaar.

#### 7.5 Stuktuur (Tarien Cooks)

- Operasionele plan

Die operasionele plan is volgens die besigheidsplan opgestel. Die BBV is meer aangewese op homself.

- Koördinering van brande

Meer nie-lede raak betrokke om brande te blus. Tydens die blus van brande moet daar dissipline en beheer wees. Die landelike areas val in Tshwane Metro se D-sone. Reaksie tyd is minimum 20 minute tot op die toneel. Die brandweer se pomper en watertenker kan nie die pad verlaat nie, maw kan nie brande in die veld

blus nie. Slegs die Brandweer se Land Cruisers kan in die veld beweeg. Wanneer die Brandweer op toneel kom, neem die Brandweer bevel en verantwoordelikheid oor. Indien daar komplimente of klagtes is oor die Brandweer-personeel is, moet dit op skrif aan die Bestuur gestuur word. Die voertuig se registrasienommer en vlootnommer moet gemeld word.

- Procedure in geval van brand
  - Brand ontstaan.
  - Rapporteer brand aan Tarien Cooks (C1)
  - Tarien Cooks sal Brandweer in kennis stel.
  - Indien BBV lede beskikbaar is om te help, word daar gevra of hulle kan gaan help.
  - Geaktiveerde partye se aksies by brand word deur 1 persoon gekoördineer.
  - Partye gaan brandlyn na en maak seker alle vure is dood.
  - Stel Tarien Cooks in kennis dat brand geblus is.
- Opleiding (Tarien Cooks)

2012

Noodhulpopleiding is gedoen vir Vlak 1 & 2 gekombineers en ook Vlak 3. (Dank aan LifeMed Ambulansdiens wat die opleidingspakkette verskaf het.

2014

Veldbrand-, noodhulp en Radio Procedure. Lede sal op hoogte gehou word.

## 7.6 Lidmaatskap

- Opdatering van kontak inligting

Lede word versoek om hulle inligting op te dateer indien dit verander.

- Reserviste

Lede wat belangstel om Brandweer Reserviste te word moet asseblief hulle name by Tarien Cooks opgee. Die belangstellendes moet dan 'n afspraak vir 'n mediese ondersoek ondergaan en afsprake moet gereël word.

## 7.7 Brande

- Brandpermitte

Indien 'n beheerde brand beplan word (bv. Aasgate) moet daar aansoek gedoen word vir 'n brandpermit.

- Voorbrande

Brandstroke moet 2.5m wyd wees. Lede het toegang tot brandtoerusting om voorbrande te brand, mits die brandpermit goedgekeur is. Bestuur is onder geen verpligting om voorbrande vir 'n lid te brand nie.

## 7.8 Noodhulp

- Aanmelding van beserings

Alle beserings moet aangemeld word by Tarien Cooks (C1) en Ansia de Beer (C2) maak nie saak hoe gering nie.

- Algemeen

Tannie Jenny Cooks bedank almal wat gehelp het met Oom Henk se siekte. Dankie vir die mense wat gereeld uitgaan as op hulle knoppie gedruk word.

Pieter de Beer (O35) vra of daar nie 'n noodhulp-plan ingestel kan word nie. Mense moet weet hoe die prosedure werk. As iemand inroep op die radio, sê wat die noodgeval is, geen die adres volledig. Sodat daar geen verwarring is nie. Kommunikasie is baie belangrik.

## 7.9 Ander sake

- Artikel 21

Is in proses.

- Working on Fire

Working on Fire is 'n groot sukses. Opleiding het gewerk, daar was beslis minder brande. Hulle gaan nou fokus op die jeug.

- GUFPA

Tarien Cooks en Eugene J van Rensburg het die GUFPA se Algemene Jaarvergadering op 18 Maart 2013 bygewoon. Hulle grondwet is bespreek en in beginsel is besluit om aan te sluit. Daar sal voortaan 1 keer elke 3 maande vergadering gehou word.

## 7.10 Korrespondensie

- Uitnodigings is ontvang na GUFPA se Algemene Jaarvergadering op 18 Maart 2013 asook verskeie ander vergaderings.
- Doornpoort Prospektering vir myn.
- Skrywe van Steve Combrink (Brandweer) rondom reserviste
- Beeld berig dat Tshwane gaan rekening uitstuur vir veldbrande. BBV lede word kwyts geskel. Bevestiging is gekry dat BBV-lede kwytskelding kry.

## 7.11 Ontwikkelings

- Floorsparymyn

Vergadering van 19 November 2013 is uitgestel. Mense wat in 'n 5km radius van die myn af bly, moet asseblief hulle boorgate laat toets deur Ages. Indien die myn realiser, en daar kom probleme met die water, het mens bewys dat dit voor die ontwikkeling nie die geval was nie. Geen koste daaraan verbonde nie.



- Pylpunt (Riool werke)
- Prospektering Doornpoort
- “Truck Stop” (Hoek van Myrrayhill Pad en R101)

8. ARKBEURTE 2014

11 Januarie 2014  
12 April 2014  
7 Junie 2014  
6 September 2014  
8 November 2014  
1 Desember 2014

9. VOLGENDE VERGADERING

Die volgende Algemene Jaarvergadering sal gehou word 21 Junie 2014.

10. AFSLUITING

Die Voorsitter doen die volgende bedankings:

- Almal teenwoordig vir hulle bywoning.
- Bestuur vir hulle bywoning en die verspreiding van die dokumente.
- Bestuur se gesinne wat ook baie opoffer en daaronder lei.
- Almal wat betrokke is by die radio-toetse.
- Jan-Piet en Tarien Cooks vir die opstel van die voorleggings.
- Ludwig Rose vir die gebruik van hulle perseel.

Cobus Kramer (A2) bedank die Voorsitter vir al sy betrokkenheid en harde werk. Bedank ook die Dorfling gesin vir alles wat hulle moet opoffer.

Voorsitter nooi almal vir 'n braai na afloop van die vergadering.

Voorsitter: \_\_\_\_\_

Datum: \_\_\_\_\_